**15 Julie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 22:1-21**
**Fokusgedeelte: Handelinge 22:16, 17**

## Deur gebed sal jy weet wat jou roeping is

In Handelinge 22 word Paulus in Jerusalem gevange geneem. Hy probeer die woedende skare kalmeer deur vir hulle te vertel hoe hy eers die Christene vervolg het, maar hoe Jesus Christus aan hom verskyn het en hy tot bekering gekom het. Hy vertel ook hoe die Here hom na die heidene gestuur het. Toe die Joodse skare dit hoor, was hulle net nog meer woedend.

As ’n mens mooi na Paulus se vertelling luister, kom jy agter hoe ’n groot rol gebed nou in sy lewe speel. Terwyl Paulus nog blind was van die skerp lig toe Jesus aan hom verskyn het, het hy in Damaskus gewag waarheen die Here hom gestuur het. Die Here stuur vir Ananias daarheen om vir Paulus van sy blindheid te genees. Hy onthou nog goed Ananias se woorde: “Kom, laat jou doop en jou sondes afwas *nadat jy sy Naam aangeroep het*.” Ananias maak dit van die begin af vir Paulus duidelik dat hy nie sy roeping kan vervul sonder gebed nie. Daarom moes hy eers bid en daarna gedoop word.

Paulus vertel ook in vers 17: “Ek het na Jerusalem toe teruggegaan, *en terwyl ek by die tempel besig was om te bid,* het ek in geesvervoering geraak ...” Wanneer Paulus bid, hoor hy duidelik wat sy roeping is. Daarom: Sonder gebed kan ons nie weet wat God se plan vir ons lewens is nie.

Bid vir die volgende:

- Dat ons sal besef dat ons nie sonder gebed ons roeping kan vervul nie.
- Dat ons ook deur gebed sal agterkom wat die wil van die Here is met ons lewens.

*Sing: Psalm 25:2, 3 (1936)*

*Ds. HPM (Malan) van Rhyn (Pretoria-Noord)*